

# “Es Bier für e Durst, und für e Hunger e Wurst!”

“’n Bier vir ’n dors, en vir ’n honger ’n wors!”  
**Erik Kleinhans** se slagspreuk sodra hy begin besig raak om sy bergfietsrugsakke te pak vir die dag se ‘freeride’ in Switzerland.

**D**it is beslis een van my gunsteling tydverdrywe gedurende ons jaarlikse besoek aan Ariane se tuisland en dit is so maklik soos spring in die trein na die groot berge vroegoggend, net ek, my fiets, rugsak en hopelik ’n vriend of twee. In die geval is dit meestal Christoph Sauser, hy is ’n bergseun, ’n kaartseun, en hy is totaal verlief op avontuur.

“Freeride”: Dit word vining een van die gewildste vorms van bergfietsry en so genoem omdat jy die bergfietspaadjies aanvat sonder ’n vasgestelde roete deur natuurlike terrein. Dit moet nog boonop met die meeste styl, beheer en spoed gedoen word wat jy kan bemeester. Ons doen ’n paar sulke fietstoere in die Berner Oberland, in die berge rondom waar beide ek en Susi bly hier in Switzerland, maar meestal reis ons na die Valais-provinsie in die suidweste van die land, ’n groot vallei, ook bekend vir die maak van wyn aangesien dit so ’n bietjie warmer is daar, en die tuiste van ’n klompie van die hoogste bergpieke in die Alpe.

Hierdie toere word altyd op die regte manier begin met ’n koffie en ’n Gipfel (Switserse naam vir ’n croissant) terwyl ons staar oor Susi se kaarte en luister na sy indiepte verduideliking van die moontlike roete. Die vallei, waar die Rhone-rivier deurstroom is op sowat 500 meter bo seevlak, terwyl die hoogste bergpasse so hoog

soos 3000-meter strek. Uiteraard is daar baie klimwerk betrokke by hierdie toere, veral met jou rugsak en effense swaarder fiets; natuurlik ook so bietjie stap-en-stoot werk, maar die beloning van die prettige wandelpaadjies tot terug in die vallei is meer as bevredigend!

Oor die laaste twee jaar het ons die pretvlakke bietjie verhoog met ’n jaarlikse vier-dag toer. Die hoë Switserse berge in ons geliefde Valais-streek was ons speelplek verlede jaar, terwyl in die afgelope maand, net na die XCM Wêreldkampioenskappe, is ons oor die Alpe, rigting Italië, daarna ’n draai om Mont-Blanc, die hoogste piek in Europa, en terug huis toe via Frankryk. Uiteraard het ons ’n klompie teerpaaië en oop grondpaaië onder ons bande gehad, maar wanneer jy hoër op beweeg in die berge verander dit na goedgemerkte wandelroetes. In kontras met laas jaar, moes ons ongelukkig hierdie jaar die beste maak van effense reënerige winterweer; dit maak die paadjies so bietjie meer uitdagend, steel so af en toe ’n mooi uitsig van ons, maar hoe kan mens nie glimlag wanneer jy hoog in die buitelig kuier nie!

Die pak van jou rugsak is die sleutel. Die bergfietsrugsakke is vir logiese redes redelik klein, want jy wil dit uiteraard so lig as moontlik hou, maar op 3000-meter kan die weer baie vinnig verander en jy moet voorbereid wees met



ERIK KLEINHANS

voldoende toerusting, so ’n ligte, voldigte reënbaadjie is ’n moet. Een stel fietsry-uitrusting, hierdie jaar is ek bederf met baie gemaklike Specialized freeride-klere, wat gewas en uitgedroog raak in ’n handdoek elke aand sodra ons ’n hotel vind. Jou fietsryskoene is voldoende vir die aand se sosiale aktiwiteite, maar ’n mens kan nie sonder ’n ekstra paar sokkies, baggies en hemp klaarkom nie. Ook in my rugsak is al die nodige toebehore om my fiets te herstel van meganiese probleme, cable ties en kleefband is ’n moet, sowel as olie en ’n lappie om jou ketting blink te vry!

Oor die algemeen is die fietse wat jy sien in Switzerland die teenoorgestelde van wat jy ervaar in Suid-Afrika. Natuurlik, as jy na ’n resies gaan is almal is op hul ligte masjiene om die steil klimme makliker te oorkom, maar as jy iemand sien wat daar in die berge rondwaal, is dit bykans altyd ’n fiets met ’n bietjie meer suspensie, en die wielgrootte is nie so ’n groot faktor hier nie. Die jaar kon ek ’n Specialized Enduro 29er toetsfiets gebruik met 160 mm suspensie voor en agter, tesame met breër en meer stabiele bande het mens soveel meer ondersteuning op hierdie wilde afdraandes as die 95 mm wat my S-Works Epic bied! Net so is die freeride-fietse ook stewiger en kan dit die stampe, stote en kneusplekke baie beter absorbeer in die wildernis!

Met nog ’n toer wat tot ’n einde gekom het, vind ek myself lê en

verlang na die vryheid, en sien ek myself eendag met ’n eenvoudige ou werkie in Switzerland, dalk ’n fietswasser in die naaste fietswinkel, met net genoeg kosbare Swiss Frank om elke naweek te kan gaan speel in die berge! **ES**



**RECM se Erik Kleinhans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy het sy vrou, Switserse marathontkampioen, Ariane, diep in die

Kammanassieberge op die 2010 Cape Pioneer Trek ontmoet. Hy het vanjaar die Meerendal-Songo-Specialized span van Christoph Sauser en František Raboň in die Cape Epic ondersteun saam met Nico Bell. Volg hom op Twitter by @kleinhansmuesli of besoek sy webwerf: [www.kleinhansmuesli.com](http://www.kleinhansmuesli.com).

 Scan the QR code to read this article in english



ERIK KLEINHANS

